Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914
E-pos transvaal@voortrekkers.co.za
transvaal.voortrekkers.co.za

5 June 2019

UITNODIGING NA TRANSVAAL VOORSLAGKAMP

6-8 September 2019

1. Kampinligting

Die kampdatum is DV Vrydag 6 - 8 September 2019 op Hartbeesfontein (net buite Pretoria). Registrasie vind plaas Vrydag 6 September 2019 vanaf 16:00 tot 18:00 by die administratiewe kantoor. Vrydagaand se aandete vir volwassenes is om 17:30 (ons vergader in die saal waarna u na die toetspunt verdaag) en aandete vir die kinders om 18:30 met die amptelike opening om 19:15. Die kamp sluit 12:15 Sondag af.

2. Kamp Benodighede

- ✓ Kampbenodighede (Toiletsakkie, Slaapsak, Kussing, Kombers, Bordesak, ens)
- ✓ Formele en Aktiewe Voortrekkerdrag (maak seker onderbaadjie pas netjies en is korrek)
- ✓ Korrekte warmdrag (Donkerblou baadjie sonder enige geskryf, ander kleure of patrone)
- ✓ Ontspanningsdrag
- ✓ Swemklere en handdoek
- ✓ Tekkies/gemaklike skoene
- ✓ Eie tente
- ✓ Sonbrandroom
- ✓ Reënjas
- ✓ Flits en batterye
- ✓ Geld vir snoepie (snoepie is beskikbaar) – bring asb kleingeld saam
- ✓ Bybel
- ✓ Dag rugsakkie (om jou hulpmiddels in rond te dra)
- ✓ Alle benodigehede/hulpmiddels vir jou speletjies

Tema vir Saterdagaand funksie: Trek 'n hoed en das by jou klere aan en kom geniet die aand!!

Die kamp aanvaar geen verantwoordelikheid van waardevolle items wat verlore raak nie.

3. **Kamp Koste**

Die koste beloop: R400.00 per jeuglid en R230.00 per volwassene – sien volwasse inskrywingsvorm vir bankbesonderhede.

4. **Navrae**

Kontak gerus die gebiedskantoor by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za of (012) 430 3914 as julle enige navrae het.

Sien julle op die kamp!!!

Voortrekkergroete

Anine Wheeler

AGL Penkop en Drawwertjies